## Nabetragting van Sondag Boodskap 9 Augustus 2020

**Maandag**: Om God te verteenwoordig is jy geskep as 'n afskaduwing van God. God is nie materialisties nie en daarom is jy na God se bewussynlikheid afgebeeld. Dit maak van jou 'n lewendmakende siel wat anders as die liggaam nooit kan ophou wees nie. Hierdie aspek is nodig om die Goddelike doel in die skepping te bestuur.

**Dinsdag**: Jy is op aarde om orde uit wanorde te bewerk, liefde uit vrees te veroorsaak en lig te wees in die duisternis. Dit is wat bedoel word om die verantwoordelikheid op te neem om op te bou (vrugbaar te wees) en 'n nageslag toe rus in die taak tydens jou bewoning op die aarde. Dit is dieselfde as om God se koninkryk te bou.

**Woensdag**: Daar is 'n bepaalde stelsel in die werklikheid wat die raamwerk skep om God se koninkryk te bou. Die man het 'n vrou gekry en hulle word 'n gesin soos kinders bykom. Gesinne groep weer saam tot 'n gemeenskap en die proses hardloop voort tot die volle mensdom. Elke mens het sy eie persoonlikheid, elke gesin vorm sy eie karakter, elke gemeenskap vertoon die gemiddelde karakter van die gesinne, e.d.m.

**Donderdag**: Op elke faset en vlak geskied die dinamika van die bestuur van God se skepping deur verskillende rolle. Die man het 'n eiesoortige rol, die vrou ook, die gesin ook nes die gemeenskap. Die siklus word deurlopend verfris deur mans wat hulle ouerhuis verlaat en wanneer hy trou en 'n nuwe gesin begin.

**Vrydag**: Deel van die dinamika van 'n gemeenskap, is die samekoms van gelowiges. Dit is in hierdie ruimte waar toerusting en korreksie plaasvind met een fokus die gesin newens die individue. Dit is wat genoem word die liggaam van Christus waarvan Hy self die leier is.